

## POPI kan tog nie op my klein besigheid van toepassing wees nie?

Dit is verseker – geen besigheid, ongeag die grootte, is van POPI vrygestel nie!

### Wat?

Die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, beter bekend as “POPI” (“Protection of Personal Information Act”) is wetgewing wat minimum vereistes daarstel om persoonlike inligting wat deur privaat- en openbare liggame geprosesseer word, te beskerm. Daarom is POPI van toepassing op alle liggame in die openbare- en privaatsfeer.

Persoonlike inligting word baie wyd gedefinieer om enige unieke en/of identifiseerbare karaktereenskappe van persoon in te sluit. Dit sluit in, ondermeer, inligting rakende ras, geslag, huwelikstatus, gesondheid-, finansiële-, opvoeding- of mediese geskiedenis, opinies of sienings, korrespondensie van vertroulike aard, kontakbesonderhede, asook enige biometrika, om maar paar te noem.

### Wie?

Privaatliggaam is natuurlike persone wat in hul eie naam handel dryf, vennootskappe en regspersone (besighede en maatskappye). Openbare liggaam sluit alle staatsdepartemente of administrasie in die nasionale en provinsiale sfeer in. Verder is munisipaliteite in die plaaslike regeringsfeer en enige ander funksionaris of instelling wat openbare mag of funksie ingevolge enige wetgewing uitoefen, ook hierby ingesluit.



### Hoe?

POPI stel agt voorwaardes vir die geoorloofde verwerking van persoonlike inligting, naamlik verantwoordingspligtigheid, beperkte prosessering, oogmerkspesifikasie, beperkte verdere prosessering inligtingsgehalte, openheid, veiligheidsvoorsorgmaatreëls en deelname van data.

“Verwerking” is enige proses of aktiwiteit, hetsy deur outomatiese middele al dan nie, wat persoonlike inligting betrek, insluitend die versameling, opname, organisering, berging, opdatering, verspreiding en verwydering daarvan.

POPI verwys ook na inligting wat “opgeteken” is. Dit behels die skryf op enige materiaal, boek, kaart, tekening en inligting wat op digitaal geproduseer of herkodeer word.

### Impak?

Prakties, met inagneming van die agt beginsels, wanneer enige liggaam jou inligting met jou toestemming verkry, moet dit vir die doel en omvang waarvoor dit verkry is, gebruik word. Daarna, moet die inligting teen diefstal beskerm word, en die integriteit en akkuraatheid van die inligting moet verseker word.

POPI verander ook die wyse waarop toestemming verkry moet word by verbruiker aangaande direkte bemaking om die versending van ongevraagde kommersiële kommunikasie te verhoed. Voorheen kon besighede e-posse met bemakingsmateriaal aan hul kliënte stuur, solank die “opt-out”-opsie daar was. Nou verander POPI dit sodat kliënt moet “opt-in”. Dit beteken dat kliënte nou moet kies om kommersiële kommunikasie te ontvang, in teenstelling daarmee dat hulle dit eers kry en dan die opsie het om uit te teken. POPI voorsien ook voorgeskrewe wyse en vorm om toestemming te verkry met betrekking tot die bemakingsmateriaal.

Slegs sekere artikels van POPI is reeds van krag; die hele wet sal in werking tree op die datum wat die President sal aankondig. Daar word spekuleer dat dit waarskynlik teen die einde van 2018 sal wees, met jaar se grasietydperk, wat dan die einddatum waarskynlik teen die einde van 2019 of 2020 sal maak.

### Nie-nakoming?

Moenie uitstel om aan POPI te voldoen nie. Nie-nakoming het baie ernstige gevolge. Die wet lys oortredings wat, indien jy skuldig bevind word, tot boete van R10 miljoen of 10 jaar gevangenisstraf kan lei.

Kontak BVSA Regsdienste vandag om u te help om te voldoen aan hierdie nuwe era van inligtingbeskerming!

### *BVSA Regsdienste*

**Jou vennoot** vir 'n verskeidenheid van  
omvattende rekeningkundige  
& finansiële dienste

### Ons bied die volgende dienste:

- Maatskappy/Besigheid registrasie
- Trust administrasie
- Sekretariële dienste
- Boedelbeplanning en testamente
- Boekhouding
- Bestuurs- en finansiële state
- Belasting dienste

 [www.bvsa.ltd](http://www.bvsa.ltd)

 [info@bvsa.ltd](mailto:info@bvsa.ltd)

## Inligting en kommunikasie – die sleutels tot goeie finansiële bestuur.

Doeltreffende finansiële bestuur is deesdae ononderhandelbaar wanneer 'n landbouprodusent verwag om op die lang termyn volhoubare groei teen die gewenste winsgewendheid te handhaaf. Twee uiters belangrike komponente van enige suksesvolle finansiële bestuursproses is a) korrekte, relevante, en tydige inligting, en b) deurlopende kommunikasie van die inligting tussen alle relevante partye. Die belangrikste partye betrokke by die proses is die produsent, sy rekenmeester, sy bankier, sy makelaar, en sy verskaffers.

Dit is noodsaaklik dat die produsent aan die begin van sy finansiële boekjaar met sy rekenmeester vergader om 'n kontantvloeibegroting vir die boekjaar op te stel. Op hierdie stadium is relevante inligting en goeie kommunikasie noodsaaklik, waar die produsent so akkuraat as moontlik sy geskatte inkomste vir die jaar sowel as sy geskatte uitgawes en verbeteringe, aan die rekenmeester moet verskaf. Dit help baie indien die produsent vooraf kwotasies by sy verskaffers kan aanvra om sodoende so akkuraat as moontlik te kan begroot. Dit is ook goed om op hierdie stadium alle paaielemente van huurkope en termynlenings, asook limiete van oortrokke fasiliteite, by die bankier te bevestig en om die versekeringspremies by die makelaar te bevestig.



Nadat die kontantvloeibegroting gedoen is, sal die rekenmeester en produsent kan sien of daar enige kontanttekorte sal ontstaan waarvoor daar finansiering bekom moet word, wat dan betyds aan die bankier kommunikeer kan word, en of daar dalk groot belastingaanspreeklikheid sal wees, waar die produsent dan kan besluit om dalk meer uitbreidings te doen wat aan die verskaffers kommunikeer kan word deur betyds kwotasies aan te vra en bestellings te plaas vir die addisionele uitbreidings.

Gedurende die jaar moet die rekenmeester dan gereeld die kontantvloeibegroting met die opgedateerde werklike syfers aan die produsent stuur sodat hy op hoogte kan bly van enige afwykings, en moet die produsent dit op sy beurt betyds aan die rekenmeester kommunikeer indien daar enige wesenlike gebeurtenisse plaasvind wat op die begroting aangebring moet word, soos byvoorbeeld skade aan die oes, of ekstra uitgawes waarvoor daar nie begroot is nie. Die rekenmeester moet ook die produsent op hoogte hou van enige belastingwetgewing wat verander wat moontlik 'n wesenlike impak op die produsent kan hê.

Ongeveer twee maande voor die produsent se finansiële jaareinde moet die rekenmeester en produsent weer vergader om 'n voorlopige belastingberekening te doen. Tien maande se werklike syfers sal dan beskikbaar wees waarmee hulle dan 'n baie akkurate skatting van die belastingaanspreeklikheid kan maak.

Die derde belangrike vergadering van die jaar behels die bespreek van die finansiële state. Dit is 'n goeie tyd vir die rekenmeester om vir die produsent 'n finansiële oorsig te gee van sy laaste vyf finansiële jare, en ook om bedryfsyfers te vergelyk. Dit is belangrik om dan die finansiële state aan die bankier beskikbaar te stel sodat hy die produsent se jaarlikse hersiening van fasiliteite kan doen.

Dit is ook belangrik dat die produsent met sy makelaar kommunikeer in die geval van gebeurtenisse wat sy dekking kan beïnvloed, sodat die nodige aanpassings op sy versekeringspolis aangebring kan word. In die geval van eise is dit van uiterse belang dat die produsent so gou moontlik met sy makelaar skakel en deurlopend inligting verskaf soos aangevra. Die makelaar moet op sy beurt enige inligting wat vir die produsent van belang kan wees, tydig aan hom kommunikeer.

Goeie kommunikasie en betroubare inligting is ook van groot belang tussen die produsent en sy verskaffers. Die verskaffer moet so akkuraat moontlik kwoteer en die produsent betyds inlig van enige prysverhogings of spesiale aanbiedinge wat die produsent se finansiële posisie kan beïnvloed. Die produsent moet op sy beurt betyds sy bestellings plaas en met die verskaffer kommunikeer indien hy bestellings gaan kanselleer, of uitstel nodig het vir betalings.

*Arnand Stofberg*

*– B Agric Admin (US); B Compt (UNISA)*



## Wat is Effektetrusts?

### Verstaan die risiko van jou belegging

In 'n vorige artikel het ons gemeld dat beleggers wat in 'n gediversifiseerde effektrust portefeulje belê die beste inflasie bestande opbrengste kan behaal.

### Wat is Effektetrusts?

'n Effektetrust (ook genoem 'n kollektiewe belegging) is 'n beleggings portefeulje wat saamgestel is uit verskillende onderliggende bates, of te wel bateklasse, wat aandele, effekte, kontant en eiendom insluit. Jy kan dus met 'n enkele effektrust belegging, sou of net soos jy verkies, gelyktydig in verskeie onderliggende bateklasse belê.

### 10 Redes om in 'n effektrust portefeulje te belê:

#### Toeganklik:

Jy kan 'n eenmalige enkelbedragbelegging maak of kies om 'n klein bedrag op 'n maandelikse basis te belê. Minimum enkelbedrag wissel van R20 000 tot R50 000 en maandelikse bydraes per debietorder begin hoofsaaklik by R500. Debetorders kan gekanselleer word, verhoog en verlaag word sonder enige boetes.

#### Likiditeit:

Effektetrusts is maklik verhandelbaar en jy kry toegang tot jou fondse in 3 – 5 werksdae. Jy kan dus enige tyd 'n onttrekking doen. Jy kan ook gereelde onttrekkings skeduleer wat 'n maandelikse, kwartaallikse, halfjaarlikse of jaarlikse inkomste verseker.

#### Diversiteit En Risiko:

Jy kan jou portefeulje diversifiseer deur die persentasie toedeling tot elke onderliggende bateklas te kies. Hierdie batesamestelling sal afhang van jou risiko benadering van toepassing op jou omstandighede.

Jy kan ter eniger tyd hierdie batesamestelling hersien om vir veranderde beleggingsomstandighede voorsiening te maak, sonder om boetes te betaal.

Aangesien effektrust portefeuljes in 'n verskeidenheid onderliggende bates belê, word die risiko verbonde aan jou belegging oor die onderliggende bateklasse versprei. As enige van hierdie bates swak presteer, sal jou totale belegging nie noodwendig swak presteer nie, aangesien ander bates goed kan presteer. Dit help om jou kanse op goeie opbrengste te verbeter en risiko te verminder.

#### Buitelandse blootstelling:

Effektetrusts kan u blootstelling aan buitelandse beleggingsgeleenthede bied sonder om u buitelandse toelae te gebruik.

#### Professionele bestuur:

Effektetrusts word deur kundige Fondsbestuurders bestuur. Deur aktiewe en professionele bestuur poog hulle om jou opbrengste te maksimeer, terwyl die risiko verminder word.

#### Inflasiekloppende Prestasie:

Genoegsame blootstelling aan groeibates (aandele en eiendom) lewer opbrengste in die vorm van kapitaalgroei en inkomste en behoort oor die langer periodes inflasie beduidend uit te presteer. Die voordeel van hierdie belegging lê in die tydperk wat jy jou geld in die belegging los om te kan groei en effekte trusts moet as medium na langtermynbelegging beskou word.



Lees gerus ons nuutste artikel op bladsy 54 van die Mei uitgawe van die Agri Kultuur tydskrif

LEES AANLYN



### **Verslagdoening van prestasie:**

Wetgewing vereis dat sekere feite aan die publiek beskikbaar gemaak word. Verreweg die meeste fondse publiseer 'n maandelikse feitestaat wat onder andere besonderhede oor die fonds se blootstelling aan bateklasse, prestasiesyfers en marksiening van die fondsbestuurder deurgee.

### **Deursigtigheid en kompeterende kostestrukture:**

Die aanvanklike fooie en bestuurskoste fooie moet ten volle geopenbaar word en beleggers kan sodoende fondsbestuurders wat uitermatig hoë fooie hef uitskakel.

### **Belasting doeltreffendheid:**

Inkomste (rente en dividend) en kapitaalwinste op effektetrusts word belas in die hande van die belegger. Effektetrust maatskappye verskaf jaarliks state aan beleggers wat alle transaksies vir belastingdoeleindes reflekteer en verminder die las op individue om self hierdie berekeninge te doen.

### **Beskerming vir die belegger:**

Die Wet op die Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas reguleer die bestuur van effektetrust fondse. Finansiële raadgewers wat beleggings in effektetrusts hanteer, moet by die Die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor geregistreer wees.

### *BVSA Finansiële Dienste*

Vir meer inligting kontak BVSA Regsdienste by [legal@bvsa.ltd](mailto:legal@bvsa.ltd)

Vrywaring: Die materiaal vervat in hierdie dokument word slegs voorsien vir algemene inligtingdoeleindes en maak nie deel uit van regsadvies nie. Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige verlies of skade wat mag ontstaan as gevolg van afhanklikheid van inligting vervat in hierdie artikel nie.

